# BWAV NUUS

*HIERDIE IS DIE NUUSBRIEF VAN DIE BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIEVERENIGING UITGAWE 1/2015*

## ONS BESTUUR 2015

**PRESIDENT**



**THERON WESSELS**
082 464 2596
014 743 1171

**VOORSITTER**



**CHRIS SCHUTTE**
082 557 5782

**ONDER VOORSITTER**



**LOUW PRETORIUS**
082 751 9767
014 743 2493

**SEKRETARIS**



**DALEEN RAUTENBACH**
082 458 5066
014 743 2174

**VERSAMELAARS KOMITEE**



**CHARLES BRESLER**
083 269 4790

**JAGTERS KOMITEE**



**PIETER BOTES**
079 072 5988

**REKENKUNDIGE BEAMPTE**



**NIC PRETORIUS**
081 520 1407
014 743 0667

**ADMINISTRATIEWE BEAMPTE**



**ELBIE KRUGER**
081 492 2051
014 743 2174


**BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIE VERENIGING**
4de Straat 17, te D.I.Y. Gebou
Posbus 251, Naboomspruit, 0560
Tel: 014 743 2174
Faks: 014 743 3813
FNB Rek: 62060167535, Tak: 260348
Webwerf: www.bwav.co.za
Epos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Ons Algemene Jaarvergadering was op 6 Februarie 2015 gehou. Die bestuur bedank al die lede wat teenwoordig was en almal wat saamgewerk het om dit 'n sukses te maak.

*Lief en Leed*

*Mnr Lou Joubert, ons oud President, Voorsitter en goeie vriend, is op 22/02/2015 oorlede. Ons innige meegevoel en simpatie aan sy gade Tannie Doreen.*

## UITDAGING AAN ONS LEDE!

Op die Algemene Jaarvergadering het Dr Elardus Labuschagne van Louis Trichardt 'n uitdaag bedrag van R10 000-00 aan die BWAV bewillig en hy daag die lede uit om die skenking te ewenaar of te verbeter. Die bestuur wil hom bedank vir hierdie ruimhartige uitdaging.

**Baanoffisier, Terrein en Sosiale komitees**

Die Bestuur wil graag dringend u hulp versoek met die bedrywighede van ons vereniging. Indien u bereid is om te help met ons werksaamhede, nooi ons u om op een van die bogenoemde komitees te dien. U bereidwilligheid om te help word opreg wardeer. Laat weet ons asb. by die kantoor.

## MASADA SKIETBAAN GEBRUIK:

Vanweë stygende kostes het die bestuur besluit om die baanfooi vir die gebruik van Masada baan, in lyn te bring met skiet dae: Tydens nie-skietdae is die baanfooi R20-00 per skut. 'n Terugbetaalbare sleutel deposito van R50-00 is van toepassing. Maak asb. seker dat u die boekie by die kantoor, waar die sleutel beskikbaar is, volledig invul. Met die terugbring van die sleutel ontvang u die deposito terug. Gebruikers van Masada baan word versoek om alle doppies op te tel, en dit skoon agter te laat!

## ADVERTENSIE SPASIE

**GESOEK / TE KOOP / TE RUIL**

**Adverteer u jag geleentheid, wil u items verkoop of ruil, is u op soek na daardie spesiale artikel? Maak gebruik van hierdie geleentheid om dit te adverteer. Die koste vir so 'n advertensie per blok van 10 x 8cm is R50.00 per plasing per uitgawe. Kontak gerus ons kantoor vir meer inligting. Instansies en nie lede van buite ons vereniging is ook welkom om van die aanbod gebruik te maak! Onthou hierdie advertensie verskyn ook op ons webblad www.bwav.co.za d.m.v. hierdie nuusbrief.**

## FONDSINSAMELINGS PROJEK

Die Bestuur het dit aan die President, Mnr Theron Wessels, opgedra om advertensie regte by Masada Skietbaan te verkoop.

Almal wat belangstel en/of hul aktiwiteite wil adverteer, kan direk vir Mnr Theron Wessels skakel by 082 464 2596 of by 014 743 1171.

Die advertensie kostes beloop R1 000-00 per jaar wat aan die vereniging betaalbaar is, plus die koste aan die advertensie bord wat vir die adverteerder se rekening is. Hierdie advertensies kry goeie blootstelling deur baie mense wat die baan besoek.

Ondersteun asb. hierdie projek en bring dit ook onder nie-lede se aandag.

ONTHOU DAT ADVERTENSIE KOSTE 'N UITGAWE IS WAT U VAN U INKOMSTE MAG AFTREK VIR BELASTING DOELEINDES!

## ONS AKTIWITEITE

**SKIET KOMPETISIE:**

BOSVELDSKIET 14 Maart 2015 (Buffel teiken).
Kompetisieskiet met jaggewere.
150m staan met skietstok 3 skote.
100m staan met skietstok 3 skote.
50m skiet uit vuis uit binne 30 sekondes 3 skote.
50m staan uit vuis uit vir kopskote na brein 3 skote.
(minusse tel)

.22 KOMPETISIE

Hierdie is 'n nuwe kompetisie! Ons bied hierdie kompetisie aan vir alle BWAV lede! Dit word beplan om groot pret te wees vir die hele gesin, pa, ma, oud en jonk, almal kan deelneem! Dit is 'n jaar-lange kompetisie en almal kan die hele jaar lank dit geniet! Hierdie kompetisie word spesiaal ingestel, om 'n goedkoper alternatief daar te stel, en om te voorsien vir die huidige ekonomiese klimaat deurdat, .22 ammunisie nog bekostigbaar is. Sien jaarprogram vir 2015.

**HOU HIERDIE SPASIE DOP IN ONS VOLGENDE UITGAWE, VIR MEER INLIGTING!**

**BELANGRIK:**

Alle skiet aktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30. Tydens kompetisies mag net met jaggewere, en nie met skyfskietgewere, geskiet word nie.

**Let asb. daarop dat windbuks skiet spesiaal vir ons toekomstige skuts tydens skietdae aangebied word.**

**ONTHOU DIE VOLGENDE BELANGRIKE INLIGTING:**

- Indien u 'n gas saam nooi na enige aktiwiteit moet die persoon asb. die **Gasteregister** volledig invul en ook die nodige vrywaring teken.
- Tydens alle skiet aktiwiteite wat deur die BWAV aangebied word, sal die Baanoffisiere op die skietpunte al die skuts versoek om hul **wapen lisensies te toon**, voor hul wapens uitgehaal mag word. Streng kontrole sal hieroor gehou word.

## KORT BOODSKAP VAN ONS VOORSITTER:

Ons lewe vandag in 'n deurmekaar wêreld met baie meer bekommernisse as wat voorheen ervaar is. Ook is ons onseker wat die toekoms inhou. Met vertroue en geloof in ons Hemelse Vader kan ons egter rustig wees en nog die klein voorregte in die lewe geniet. Een van hierdie voorregte is om lid van die BWAV te kan wees.

Kom ons werk hard daaraan om aan al ons BWAV-aktiwiteite deel te neem. Die groot lekkerte is ook dat ons dan saam kan verkeer in 'n geselskap wat dieselfde belangstelling deel, nl. vuurwapens. Ek wil graag elke gewone lid, versamelaar en toegewyde jagter nooi om aan ons aktiwiteite te kom deelneem. Kom toets jou geweer wat al so lank in die kluis wag om weer 'n paar skote te skiet. Bring jou handwapen en kom skerp jou paraatheid op. Kom wys vir ons jou erfstukke wat jy versamel, jy is inderdaad trots daarop. Bring die hele gesin asook gaste saam en wees deel van die groot pret en die gesellige samesyn!

Belangrike en besonder aangename geleenthede wat ek vir ons lede sterk aanbeveel, is die Mandjiedans en die Prestige-aand later in die jaar. Hierdie is werklik hoogtepunte op ons sosiale almanak!

**VERSAMELAAR VAN DIE JAAR KOMPETISIE**

Die Versamelaar van die jaar kompetisie het in 2014 geen belangstelling gehad nie. Dit het die volgende vraag laat ontstaan: ***WAT MOET ONS VERANDER?*** Ons gee julle as lede die kans om insette te lewer en voorstelle te maak rondom die kompetisie. Julle kan julle voorstelle aan die kantoor stuur, op skrif. Ons wil werklik elkeen se inset / voorstel hê.

**BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT.**

Eerstens wil ek my dank teenoor die lede op die ledevergadering uitspreek, wat my die eer aangedoen het om my as President te verkies. Ek is ten volle bewus van die taak en verantwoordelikheid wat op my rus en sal die Vereniging met oorgawe dien en die Bestuur in alles wat reg is, ten volle ondersteun. Ek beskou myself nie as 'n blote naprater van die Bestuur nie, maar as iemand, wat nougeset sal toesien dat daar te alle tye, in belang van die BWAV opgetree word, dat die Grondwet en besluite soos geneem op ledevergaderings gerespekteer en uitgevoer word.

Op Sondag 22 Februarie 2015, het ons die skokkende nuus ontvang dat oom Lou Joubert, ons vorige President, oorlede is. Die week wat die Algemene Ledevergadering voorafgegaan het, was ek bevoorreg om oom Lou te besoek en behalwe vir 'n swak liggaam, was sy gees en verstand helder, en het hy ook nie sy humorsin verloor nie. Sedert verlede Saterdag (21 Februarie), het sy toestand egter skielik versleg en is hy in die oggendure van Sondag oorlede. Ek glo nie dat die redaksie van die nuusbrief my sal verkwalik as ek 'n kort huldeblyk aan my voorganger bring nie.

Oom Lou was ’n Boer, en het hom beywer vir volk, taal en kultuur en het hy sy lewe daaraan gewy. Oom Lou was ’n ware vriend, jagmaat en uiters lojaal teenoor die BWAV. As stigterslid, Voorsitter en President, het hy diep spore getrap. Soms twyfel ek of ek waardig is om sy skoene vol te staan. Laat ons almal hierdie gróót man huldig en sy nagedagtenis eer. Ons innige simpatie en meegevoel gaan aan tannie Doreen en familie. Ons betreur sy heengaan, maar sal altyd put uit die voorbeeld wat hy vir ons gestel het.

U het tydens die ledevergadering indringende besluite geneem waaraan die Bestuur uitvoering moet gee. Hiermee wil ek die Bestuur sterkte toewens, veral m.b.t. die fondsinsamelings-projekte, die instel en finalisering van drie nuwe komitees, die terrein instandhouding en die begroting. Die Bestuur is m.i. die “trustees” van die gelde, wat geïn word namens die BWAV en moet die Bestuur in dié verband altyd bona fide en verantwoordelik optree.

Ek vertrou dat die Bestuur ‘n deursigtige beleid sal volg, nl. dat alle besluite en dokumentasie, notules, ens. toeganklik vir alle lede ter enige tyd moet wees. Ek verwys graag na die bepalings van die “Promotion of access to information Act, Act 2/2000”.

Daar is m.i. vier groot eksterne faktore, wat ons liefde vir ons vuurwapens en ons liefde vir jag bedreig en onderdruk en ten opsigte waarvan ons voortdurend op ons hoede moet wees:

1. Die huidige Regering, ondersteun deur die kwaadstokende anti-vuurwapen organisasies, laat steeds geluide van ‘n “Gun-free South-Africa” hoor. Daar is al baie hieroor gesê en geredeneer. Ons standpunt bly dat dit ons reg is en nie net voorreg nie, om wettiglik vuurwapens te besit en ons ingewortelde kultuur t.o.v. jag uit te leef. Ons is Esau-kinders, dan nie?

2. Die afgelope week of twee gaan daar al hoe meer stemme en waarskuwings op oor die “kunsmatige euforie borrel,” wat die telers van sg. eksotiese wild skep ten opsigte van abnormale hoë pryse. Beide die Uitvoerende hoof, Fred Campher en die President van die SAJWSV, het die verskriklike hoë pryse wat op veilings betaal word, as ’n piramide-skema bestempel en huldig ook die standpunt dat ’n paar sg. telers ’n “sindikaat” vorm en dan die pryse hoog jaag – ons praat van miljoene. Dawie Roodt, is ook van mening dat almal wat die sg. eksotiese wild as belegging sien (tot 500% opbrengs) ook hulle g.... gaan sien en dit sonder ’n spieël. Skielik ondervind ons dat Rooibok ooitjies nou onbekostigbaar is. Rooibok ooitjies word deur boere verkoop vir ongeveer R5000-00 stuk, net om met ’n Swartrug ram, waarvoor R6,5 miljoen rand betaal is, te paar. (lees gerus die berig in Beeld van 15/2/2015 op bl. 10, onder die opskrif “Staats ingryping in die wildteling versoek – die SAJWS versoek dat die regering moet ingryp.”) Vir ons jagters het pryse dus onbekostigbaar geraak. Ek is wel van mening dat ons geduldig moet wag, dat die “bubble” bars, en bars sal hy. Miskien word ons nog betaal om te jag. (Grappie)

3. Die pryse en beskikbaarheid van ammunisie, of herlaai komponente is ‘n verdere brandpunt. Pryse vir ingevoerde ammunisie of herlaai komponente skiet ook die hoogte in, bv. ‘n 9mm Par. patroon kos nou ±R6.00 en ‘n .3006 patroon R19.75 en dit a.g.v. die swak rand en die beskikbaarheid daarvan. Ons lei onder die swak ekonomiese toestand. Handelaars is nie bereid om “duur” voorraad te dra nie, en die vuurwapen-eienaars toon ‘n swak aanvraag vir ammunisie weens die hoë pryse. Met my navrae by 3 handelaars, was P.M.P. ammunisie nie beskikbaar nie. Hieraan kan die gewone man niks doen nie. Miskien kan die Bestuur dit ondersoek of ons nie in grootmaat ammunisie kan aankoop vir lede nie en dan ‘n beter prys beding. Ek bly by my eie “beleid:” “Sorry, due to the price increase on ammo, don’t expect a warning shot, sorry but times are hard.”

4. Die toename in kriminaliteit word dikwels voor die wettige vuurwapen eienaar se deur of kluis gelê. Tong in die kies erken die SAPD egter, dat in die vorige boekjaar, 25000 vuurwapens uit polisie besit gesteel is. As ‘n mens in ag neem hoe die Staats-administrasie agteruit gegaan het, is die 25000 nie ‘n betroubare syfer nie. Die Staat moet dus nie óns vir die toename in misdaad blameer nie, maar moet self

daarvoor pa staan. Wat meer kommer wek, is die getal gesins-moorde deur gesins-lede. Ons kan almal tot die oplossing van hierdie probleme bydra, deur eerstens ons vuurwapens nougeset veilig te bewaar en ag te slaan op ons medemens. “Stres” is die siekte van ons tyd. Moet nie huiwer om ‘n landgenoot, gesinsgenoot of mede BWAV lid te ondersteun wanneer so ‘n persoon deur o.a. “stres”, deur wát ookal veroorsaak, die donker dieptes insink nie. H E L P !

Ten laaste; u is ‘n gewaardeerde lid van die BWAV en die BWAV behoort aan u. U het regte. U het die reg om te kla, vrae te vra, antwoorde te soek, rekenskap te eis. U moet egter meelewend wees en toegewyd u lidmaatskap uitoefen. Kommunikeer enigiets wat u op die hart het, met die Bestuur. Skriftelike kommentaar sal verwelkom word, sodat dit op rekord geplaas kan word en ek is seker dat die Bestuur indringend aan u klagtes, voorstelle of net gedagtes, aandag sal gee. Komplimenteer die baanoffisiere en/of Bestuur vir dit wat hulle reg doen. Die werk van ‘n baanoffisier en Bestuur is ‘n baie ondankbare werk.

Ek wil ook ‘n beroep op alle baan offisiere doen om hulle deel, met die regte gesindheid, teenoor die BWAV te doen. Die vraag is nie wat kan die BWAV vir jou doen nie, maar wat kan jy vir die BWAV doen (met erkenning aan JF Kennedy).

Ons Vereniging moet groei. Dit is elke lid se plig om nuwe lede te werf. Maak ook gebruik van die inligtingstuk wat by die kantoor beskikbaar is en wat u aan voornemende lede kan uitdeel.

Ten slotte wil ek die vertroue uitspreek dat ons dit vir mekaar ‘n onvergeetlike jaar sal maak en dat 2015, in die anale aangeteken sal wees as ‘n uiters besonderse jaar. Mag voorspoed ook hierdie jaar elke lid se deel wees.

Mag ons almal die genade van Bo ontvang om ons onderskeie aardse take met moed, geloof en deursettingsvermoë deur te voer.

Groete van kluis tot kluis.

U dienswillige,

Theron Wessels.

President.

## VERSAMELAARS AKTIWITEITE

U moet **drie(3)** aktiwiteite elke jaar bewys.

Ons versoek u om te let op die volgende aktiwiteite wat deur die BWAV **erken** word:

Daar is vyf datums op die jaarprogram vir versamelaars aktiwiteite uitgesonder. U sal merk dat dit op bestaande “Sportskiet” datums is, m.a.w. u kan aan beide aktiwiteite deelneem op een dag en erkenning vir beide kry. Die versamelaars aktiwiteit sal wees vanaf 10 tot 11 uur.

Die aktiwiteite wat aangebied word sluit die volgende in:

- gassprekers
- demonstrasies
- uitstallings deur mede-versamelaars, handelaars, wapensmede, ens.

U kan met ‘n versamelstuk kom skiet op ‘n **BWAV “Sportskiet” dag op MASADA skietbaan** en sodoende erkenning kry. Vra vir die BWAV Baan Offisier om n volledige aantekening te maak op die “Bewys van versamelaars aktiwiteite” vorm t.o.v. die wapen besonderhede en daarby te teken.

Ons besef dat daar heelwat lede is wat ver van Naboomspruit af bly en het dit goedgedink om selfs **sekere** aktiwiteite wat deur ander instansies aangebied word erkenning te gee. Die lede wat dus nie aktiwiteite by die vereniging kan bywoon nie, het die geleentheid om hulle aktiwiteite op ander maniere by te bring.

**Voorbeelde van sulke aktiwiteite:**

-besoek aan ‘n museum waar wapens op uitstalling is, bv. die Johannesburgse Oorlog Museum bied gereeld uitstallings en dergelike aktiwiteite aan.
-besoek aan ander wapen- en ammunisie versamelaars verenigings aktiwiteite, bv. Pretoria Wapen en Ammunisie Vereniging, ens.
-besoek aan ‘n wapen veiling, soos gehou deur Classic Arms.
-besoek aan die “Aim of Huntex Expo”.

Ons verwys u na die “Bewys van versamelaars aktiwiteite” dokument en spesifiek na die laaste twee kolomme. Dit is ‘n kontrole maatstaf en vereis die besonderhede en handtekening van ‘n persoon by die instansie waar u die aktiwiteit bywoon. Indien dit nie bekom kan word nie, heg n dokumentêre bewys aan, bv. n toegang kaartjie.

Dit is van kardinale belang dat u die “Bewys van versamelaars aktiwiteite” dokument op datum sal hou. ‘n Afskrif moet aan die einde van elke jaar deurgestuur word na die BWAV kantoor waar dit op u lêer geliasseer sal word en sodoende sal u ‘n geskiedenis opbou.

Indien u nie seker is of n aktiwiteit erkenning gaan kry nie, kontak gerus die kantoor.